# Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 5

> *Toe die Asdodiete die volgende môre opstaan, het Dagon vooroorgeval op die grond gelê, voor die ark van die Here.*

*(vers 3)*

Die vorige hoofstuk het afgesluit met 'n wanhoopskreet. Die eer van God is weggevat uit Israel (1 Sam 4:21-22). As die ark weg is, is God weg. Sonder die ark is daar vir hulle geen hoop nie.

Hoofstuk 5 staan in skrille kontras met die wanhoop van Pinehas se weduwee. Die situasie is nie hopeloos nie, want God kan vir Homself sorg. En hoe uitstekend het Hy dit nie gedoen nie! Eers lê die Filistynse afgod Dagon aanbiddend voor die ark, en toe breek daar pes uit oral waar die leiers die ark heen stuur. Die ark is nie 'n trofee wat hulle gebuit het nie, en daarom tree God self nou tot die stryd toe (vers 6,9 en 12).

Ons kan dit gerus onthou as ons wil wanhoop omdat mense met God die spot dryf. Ek onthou die wyse woorde van my mentor destyds, toe Sataniste allerhande Sataniese tekens teen die muur van die Tweetoringkerk geverf het: "Dit skok my vroom gemoed dat mense dit kan doen, maar dit skend nie God se eer nie. Hy lag hulle uit."

Inderdaad. Lees hieroor gerus Psalm 2, veral vers 4.

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

© Bybelkoerant 2018 – 2026